JAKARANDA e-KAMP
VAKANSIE UITDAGINGS

jakarandakamp@gmail.com
http://jakaranda.voortrekkers.org.za

31 Maart 2020

Beste Voortrekker

Ons het so uitgesien na die gebiedskamp. Dus het ons dit goed gedink om programme op te stel vir van die aktiwiteite van die onderskeie spesialisasies om julself besig te hou tydens die inperkingstydperk. Om julle 'n totale 'kampervaring' te gee is daar ook Bybelstudie en die aktiwiteite van die veldkornette wat julle daagliks kan doen. Groot dank aan dr Lizette van Rooyen van Magalieskruin Gemeente wat die gemeente se bybelstudie vir die jeug aan die e-kamp beskikbaar gestel het.

Hierdie aktiwiteite kan op jou eie tyd en pas gedoen word. Jy laai die aktiwiteit-programme af van Jakaranda se webblad en kan dit uitdruk om dit vir jouself teen die muur op te sit.

Neem asseblief foto's of video's tydens die duur of wanneer die aktiwiteit klaar is. Natuurlik gaan mooi spanhemde en Voortrekkerhemde die foto meer kleur gee. Stuur die foto's en video's na jakarandakamp@gmail.com sodat ons daarmee kan spog op ons bakkiesblad.

Let wel dat die voltooiing van hierdie programme nie maak dat jy kwalifiseer vir gebiedskamperkenning of vir die spesialisasie nie. Daar is wel so paar vereistes van die spesialisasie wat indien dit voltooi is, kan die kommando self besluit hoe hulle die kind gaan evalueer en leiding gee oor die afhandeling van al die vereistes om te kan kwalifiseer vir die spesialisasie indien so verlang word.

Hierdie is hoofsaaklik vir die pret en besig bly, geniet dit!

Jakaranda Voortrekkerkampgroete,

JAN-ALBERT DE KOCK
Kampleier
071 380 9757

ANNEMARÉ DE KOCK
Kampsekretaresse
083 554 2181